Van Wyk Louw sê dit reg

- In *Die Halwe Kring* dig Van Wyk Louw oor die skepping en sê: "God het die aarde soos 'n bal van sy vingers laat val". Daarmee stel hy ons bekend aan die Deus Ludens, die "spelende God" – speel-speel in sy Skepping en saam met sy Skepping.
- Dit sluit aan by die Duitse teoloog Karl Barth wat in antwoord op die vraag waarom God geskep het, bloot gesê het "zum Spass" ("for the fun of it").
- Daarmee sê ons natuurlik nie dat alles in die Skepping maar net altyd pret is, maanskyn en rose nie. Veral waar mense in die prentjie kom, is dit dikwels eerder wreed en seer. In plaas van die Homo Ludens (die spelende mens) te wees, beland ons in die scenario van Hobbes se "Homo homini lupus" ("die mens is vir die mens 'n wolf") en Sartre se "L'enfer, c'est les autres" ("hel is die ander").
- As God die aarde soos 'n bal in spel sit, sê dit egter vir ons iets oor die vreugde, vryheid en vertroue waarmee God sy Skepping "afskop". Met afwagting nooi hy die spel uit om te ontvou, op maniere waarvoor Hy die ruimte gee, maar nie die verloop en die uitkoms dikteer nie.
- Goddelike skepping is dus nie 'n moeisame werk nie, maar 'n speelse, vrygewige daad van lewe gee en die vryheid om saam te speel en te skep. God se skepping is dus nie die idee van harde kontroles nie, maar ruimte (omraam deur die kantlyne van die spel) waarbinne die wêreld en die mensdom kan floreer.

Speel is dus ook ernstig

- Enigeen wat eens kind was of kinders dopgehou het wanneer hulle speel, weet dat spel doodernstig kan wees. Spel skep 'n alternatiewe werklikheid, en word as 'n werklikheid hanteer. As ons ooreengekom het dat daardie bos my paleis of my den is, wee die een wat dan op my grondgebied oortree!
- Speel is dus nie net 'n onderbreking van die erns van die lewe nie. Dit beliggaam 'n paradoksale erns. In die spelhandeling is daar wel 'n opheffing van die gewone realiteit (in die sin van 'n onderbreking) maar dit word ook 'n opheffing (in die sin van 'n transformasie) van die gewone realiteit.
- In die spel skep ons 'n nuwe wêreld waar ander reëls van toepassing is en ander moontlikhede dus oopgaan. Dit is die rol van die verbeelding. 'n Verbeeldingsvlug is dus nie betekenisloos nie, maar gee 'n ander perspektief waar ons nuwe moontlikhede kan uitprobeer, en nuwe werklikhede kan inoefen.

- Spel is per definisie nie uitkomsgebaseerd nie, dit probeer nie nuttig of funksioneel wees nie, maar het die besondere karakter dat dit ons laat deelneem aan ‘n proses van verbeelding en kreatiwiteit, wat in sigself transformerend is en nuwe moontlikhede oopmaak.
- Wanneer God skep uit chaos, vat hy roumateriaal en sit dit in ‘n nuwe raamwerk, wat die materiaal herkonfigureer tot iets waarbinne mens en wêreld kan floreer.
- Wanneer mens speel, word jy mede-skepper, neem jy roumateriaal en deur verbeeldingskrag omvorm jy dit tot iets nuuts. ‘n Kind se verbeeldingryke spel skep wêrelde waarin die lyne vervaag tussen die moontlike en die onmoontlike. En hierdie spel is nie blote ontvlugting nie, dit is eksperimentering met ander moontlikhede, ander sosiale rolle, ander moraliteit, ander sin en betekenis.
- Speel-speel deur die lewe, is dalk Jesus se idee toe Hy gesê het ons moet soos kinders word. Want dan word die rigiede strukture en maniere van doen wat die wêreld van sogenaamde “volwassenheid” op ons afforseer vloeibaar. Ons word oop en ontvanklik vir die nuwe moontlikhede en ‘n ligtheid van bestaan.

Woorde open Wêrelde

- Die wonderlike werk wat Fiona van Kerwel en haar span die afgelope jare met die Woorde open Wêrelde projekte doen, verwoord iets van hierdie speelsheid. Hoe ons kan speel met taal en woorde om hierdie moontlikhede oop te maak.
- Johannes 1 noem Jesus die “logos”, die “Woord” of die “sin”. Johannes koppel Jesus op hierdie wyse aan die Skeppingswoord van God in Genesis 1, waar dit nie net oor die gesproke woord handel om feite oor te dra nie, maar die krag van die woord om sin en betekenis te ontsluit en nuwe moontlikhede te skep.
- Jesus is “logos” deur sy vleeswording. Deur elke plek ‘n plek van Goddelike inwoning te maak, en dit te vul met “genade en waarheid”. Sy genade wat ‘n streep trek deur skuld en vervreemding is juis die mees kreatiewe en transformerende krag wat die verbeelding heraktiveer en die wêreld speels verander.
- Eugene Peterson skryf daarom ‘n boek “Christ plays in 10000 places”, waarin hy die gedig van Hopkins aanhaal:
  "For Christ plays in ten thousand places,
  Lovely in limbs, and lovely in eyes not his
  To the Father through the features of men’s faces."
- Die opgestane Here se teenwoordigheid is speels en kunstig, nie rigied nie. Dis oral, nie net waar ons dit verwag nie. En ons neem deel aan sy werk deur die kreatiwiteit van ons aksies, woorde en verhoudings.

Die laaste ding

- As woorde ons kan laat deelneem aan God se kreatiewe en speelse skepping, laat ons dit ernstig neem.
- Benjamin Zander vertel van die Joodse vrou wat, toe sy en haar boetie klein was, op die treine gesit is wat na die konsentrasiekampe toe gegaan het. Die boetie het sy skoene iewers verloor en sy het vreeslik met hom geraas daaroor. “Jou simpel kind, jy kan ook nooit iets reg doen nie!” het sy hom toegesnou. Dit was die laaste woorde wat sy vir hom gesê het, sy het hom nooit weer gesien nie. Sy het sedertdien die reël om nie iets vir iemand te sê “wat nie kan staan as die laaste ding wat jy ooit vir die persoon sê nie”. Dit is “Teologika” – Logos in aksie.

VIR KLEINGROEPE

Ontmoet mekaar...

- Deel met mekaar hoe jy as kind gespeel het en jou verbeelding gebruik het.

Ontmoet die Here...

- Steek ’n kers aan en draai as groep saam na die teenwoordigheid van die Here. Laat een persoon ’n gebed doen.
- Lees nou die fokus gedeelte in Gen 1:1-7 en Joh 1:1-5,14.
- Waar sien jy Christus “speel” in die skepping, verhoudings, die geskiedenis, in jou lewe en om jou? Hoe kan jy saamspeel?
- Luister na mekaar se behoeftes vir die komende week en bid vir mekaar.